

Werner Schubert 

EYES & EARS OF THE KAROO

120 Bird Street • Beaufort West
Tel : 023 414 3519
Cell : 083 462 7308
eyeguy@beaufortwest.net

Carnarvon • Laingsburg •
Prince Albert • Victoria West

Courier

Die Koerant vir die Nuweveld sedert 1869
The Newspaper for the Nuweveld since 1869

@ prickly pear
Summer special

Microneedling
Reduce those fine lines & wrinkles

Face & Neck R750
Face, Neck, Décolleté R850
Free skin supplement

Verspreidingsarea: Beaufort-Wes, Leeu-Gamka, Merweville, Murraysburg, Nelspoort, Prins Albert, Victoria-Wes, Laingsburg en Loxton

Prys - R6.00 - Price (BTW ing./VAT incl.)

Geregistreer by die HPK as 'n Nuusblad - Registered at the GPO as a Newspaper

ISSN 2075-5872

3 Junie 2022

Amptenare in Weskus vas oor Covid-tenders

Vier mense wat in verband met beweerde korrupsie met tenders in die Weskus in hegtenis geneem is, het op dieselfde dag in die hof verskyn en is op borgtog vrygelaat.

Die Valke het bevestig dat Izak Jenner (50), Aldrick Hendricks (52), Jaftha Booysen (51) en 'n sakeman van Beaufort-Wes op Donderdag 26 Mei 2022 in die hof in Vredendal verskyn het in verband met beweerde korrupsie met persoonlike beskermende toerusting (PBT) teen Covid-19 ter waarde van R400 000.

Drie van die vier wat Donderdag in hegtenis geneem is, is werknemers van die Matzikama-munisipaliteit in die Wes-Kaap.

Hulle is elk op borgtog van R5 000 vrygelaat, volgens 'n verklaring van die Valke.

Die groep is daarvan aangekla dat hulle onwettig met 'n firma in Beaufort-Wes (diensverskaffer) saamgespan het wat glo 'n tender toegestaan is in April 2020 sonder om die prosedures vir verkryging te volg.

Jenner het in dié tyd as 'n strategiese adviseur in die kantoor van die burgemeester gedien, wat as 'n politieke aanstelling beskou word, luidens die klagstaat.

Hendricks het as waarnemende munisipale bestuurder gedien en het vir Jenner glo as die munisipaliteit se Covid-19-koördineerder aangewys.

Booyesen is as 'n senior bestuurder aangestel en het as waarnemende finansiële hoof van die munisipaliteit gedien, lui die klagstaat.

Die sakeman van Beaufort-Wes is nie 'n werknemer van die munisipaliteit nie en word met die

diensverskaffer verbind, luidens die Valke se verklaring.

Die saak teen die vier is tot 12 Julie uitgestel.

Johan van der Hoven, burgemeester van Matzikama, het Vrydag by navraag gesê hy is tevrede dat 'n deeglike ondersoek na beweerde korrupsie en wanbesteding van fondse plaasgevind het.

“Die reg moet nou sy gang deur middel van die hofproses gaan.”

Hy het bevestig dat slegs Jenner nog tot onlangs in diens van die munisipaliteit was. 'n Tugproses is teen Jenner begin en hy het bedank voordat dit voltooi is.

“Ek bevestig hiermee die standpunt van die munisipaliteit en raad, dat geen korrupsie of wanadministrasie geduld sal word nie.”

Die Matzikama-munisipaliteit sluit die dorp Vredendal, Vanrhynsdorp, Klawer en Lutzville in.

In 2020 is daar al berig oor 'n klopjag by die munisipaliteit deur die spesiale ondersoekende eenheid (SOE) in verband met Covid-19-tenders.

Luidens 'n berig van 30 Julie 2020 het lede van die Spesiale Ondersoekende eenheid (SOE) 'n deursoek-en beslagleggingsoperasie in die kantore van die Matzikama-munisipaliteit en 'n verskaffer van persoonlike beskermende toerusting (PPE's) in die Wes-Kaap uitgevoer.

Die SOE het toe in 'n verklaring gesê hy het lasbriewe gehad vir sulke operasies in die landdroststrikte van Vredendal en Beaufort-Wes aan die hand van inligting wat die vorige maand

oorhandig is.

Die klopjagte is tegelykertyd by drie persele gedoen, onder meer die munisipale kantore op Vredendal en die kantore van 'n verskaffer wat PPE's ten bedrae van R1 miljoen aan die munisipaliteit gelewer het.

Daar is beslag gelê op dokumente en inligting met betrekking tot die onreëlmatige verkryging van PPE's vir die Matzikama-munisipaliteit,” lui die verklaring.

Pres. Cyril Ramaphosa het op 23 Julie aangekondig dat die SOE die verkryging van PPE's deur alle staatsinstellings gaan ondersoek.

In Februarie het die ANC 'n volstrekte meerderheid in die munisipaliteit gekry nadat hy 'n tussenverkiesing gewen het.

In 'n brief het Anton Bredell, LUR vir plaaslike regering, op 5 Junie aan die munisipaliteit gesê dat hy 'n “aantal aantygings in verband met moontlik wanadministrasie, bedrog, korrupsie en ander ernstige wanpraktyke” ontvang het. Die Matzikama-munisipaliteit is toe die geleentheid gegee om skriftelik op die aantygings te reageer, met stawende dokumente.

Luidens die brief van Bredell het die munisipaliteit op 1 April vier kwotasies vir die verskaffing van PPE's verkry, waarvan twee na bewering deur die waarnemende munisipale bestuurder van die lys verwyder is. Nog 'n verskaffer, op Beaufort-Wes, is ná die tyd bygevoeg.

Die munisipaliteit het die opgeblaasde kwotasie van dié verskaffer aanvaar en hom onreëlmatig aangestel om beskermende toerusting te lewer. 'n Amptenaar van die munisipaliteit het ook na Kaapstad gereis om die goedere wat aangekoop is te gaan



Anton Bredell, LUR vir plaaslike regering.

haal, terwyl vervoer ingesluit is in 'n ander kwotasie.”

In die brief het Bredell besonderhede gevra van alle diensverskaffers wat die

munisipaliteit vir PPE's aangestel het, sowel as versoeke om kwotasies, alle kwotasies wat ontvang is en die bewys van betalings aan diensverskaffers.

STEEL & PIPES 

YOUR ONE STOP STEEL, TUBING AND HARDWARE SHOP

Your One-Stop Steel Tubing & Hardware Shop
Binnestraat 21 | George Industria | Tel 044 875 9245

VERSKAFFERS VAN:

- ROUND, SQ & RECTANGULAR TUBING
- GALVANISED ROUND TUBE
- RE-INFORCING Y-BAR
- EXPANDED METAL
- STORMWATER GRATINGS
- WALKWAY GRIDS
- INDUSTRIAL HANDRAILING
- HOT ROLLED CHANNEL & LIP CHANNEL
- CONVEYANCE TUBES
- FLAT, ROUND & SQ BAR
- ANGLE IRON
- HOT ROLLED SHEET & PLATE
- GALVANISED SHEETING
- VASTRAP
- SHAFTING & HOLLOW BAR
- PALISADE FENCING
- GATE AUTOMATION
- HARDWARE
- PAINT
- ROOFING PRODUCTS
- POWER TOOLS
- INTERCOMS
- LOCKS & SECURITY SYSTEMS
- ORNAMENTALS
- EN VELE MEER!!

Skakel ons gerus!
GRATIS AFLEWERING MAANDAE EN WOENSDAE

ALLES VARS
SAVERITE 
SPECIALS!

Nuwestraat 120
Beaufort-Wes
Tel. 023 414 3481
082 576 1875

Ons voeg baie waarde toe deur u te help om die regte pryse vir u vars voedselprodukte te betaal!

Bokomo Cornflakes 200g R9.99	Simba Chips 120g R 13.99	Suiker 2.5kg R 44.99
Pasta 400g R9.99	First Choice Melk 6x1lt R 78.99	Wortels R7.99
True Essentials Soap 100g R 4.99	Jungle Oats 1kg R 29.99	2 Russian & Chips & Roll & Kingsley 500ml R 35.00
Aartappels 7 kg R54.99		

- CAPITEC ATM - SASSA-KAART FASILITEITE BESKIKBAAR

Kaapse Forum nader Wes-Kaapse premier oor moontlikheid van referendum

Die Kaapse Forum het onlangs tydens sy amptelike bekendstelling in die Kaap ook sy eerste groot projek aangekondig.

Volgens Heindrich Wyngaard, uitvoerende voorsitter van die Kaapse Forum, geniet polisiëring prioriteit in die Wes-Kaap en 'n brief is reeds aan Alan Winde, premier van die Wes-Kaap, gestuur waarin hy genader is oor die moontlikheid om 'n referendum in die provinsie uit te roep waarin gevra word dat die nasionale polisiemagte na die provinsie afgewentel word en dat nasionale tesourie die geld vir polisiëring in die Wes-Kaap direk aan die provinsie oorbetaal. Van die redes hiervoor is omdat daar 5 000 vakante poste in die polisie in die provinsie is en omdat daar ernstige vrae is oor waarom die owerheid nie geld vir polisiëring aanwend in die stryd teen bendebedrywighede in die Wes-Kaap nie.

Volgens Wyngaard is daar twee menings oor of 'n premier by magte is om 'n referendum uit te roep. Indien dit nie gedoen kan word nie, sal die Kaapse Forum die howe nader om uitsluitel te kry. Wyngaard het verdraaide sienings in die media en kritiek oor wat die werklike redes vir die totstandkoming van Kaapse Forum is getakel en herhaal dat Kaapse Forum nie 'n "Bruin AfriForum" is nie en dat die organisasie hom allesbehalwe beywer vir afstigting of onafhanklikheid van die land nie.

"Groeierende federalisme word verkeerdelik gesien as 'n plan om van die Republiek van Suid-Afrika te probeer wegbreek.

"Ons wil en gaan fokus op sake wat alle gemeenskappe in die Wes-Kaap saambind. Ons wil sterk, selfstandige gemeenskappe met 'n selfhelp-ingesteldheid skep om onder meer armoede te bekamp, gemeenskaps ekonomieë uit te bou, veiligheid te verseker en gemeenskappe daar te stel wat goed funksioneer."

Volgens Wyngaard is die Kaapse Forum gestig in reaksie op die staat waarop niemand meer staat kan maak nie.

Hy het gesê die stigting van die Kaapse Forum is 'n historiese oomblik, net soos wat die koms van Jan van Riebeeck en sy geselskap na die Kaap was waar hy die inheemse mense (op 6 April 1652) vir die eerste keer ontmoet het.

Hy het 'n skildery van dié ontmoeting (deur Charles Bell en wat ook in die Kaapse Forum se kantoor hang) voorgehou en gesê dit is 'n uitbeelding van 'n mengsel van wat 'n mens kry wat oor die jare beskryf is as meerderwaardigheid teenoor eerbiedigheid en 'n manifestering van sogenaamde Westerse of Europese kleredrag, houdings en voorkoms teenoor die plaaslike veronderstelde ongekultiveerde heidense barbare.

Die klippe wat daar in die verlede na mekaar gegooi is, moet nou omgeskakel word in bakstene waarmee ons mekaar ondersteun.

"Maar vandag vra en reflekteer ons oor die Hollandse kolonialiste én die Engelse oor wat hulle die reg gegee het om neer te sien op die inheemse bewoners van die land. Dit het egter nie daar gestop en nie rassediskriminasie onder apartheid het gevolg.

"Nog meer historiese momente

het gevolg in 1990 met F.W. de Klerk se toespraak, 1994 toe alle Suid-Afrikaners vir die eerste keer in die geskiedenis toegelaat is om na die stembus te gaan en te stem gevolg deur die politieke gevangene Nelson Mandela wat die land se eerste demokraties verkose president geword het.

"n Skamele byna 30 jaar later voel 'n mens soms ons demokratiese staat kan op 30 dood wees. Dit kan toegeskryf word aan wat gebeur het tydens die presidensiële termyn van Jacob Zuma. Dit was korrupsie op 'n ander vlak, naamlik staatskaping waaroor die Zondo-kommissie pas die laaste verslag uitgereik het. Skokkend, maar nie verbasend nie."

Wyngaard sê dit is teen hierdie agtergrond dat staatsfunksies toenemend agteruitgegaan het en dat dit in belang van gemeenskappe is dat magte en funksies nou na provinsies afgewentel word.

Van die funksies waaraan die Kaapse Forum aandag gaan gee, is openbare vervoer, hawens, spoorweë, onderwys, gesondheid, howe, landbou, behuising, veiligheid en water- en kragvoorsiening.

"Hierdie funksies kan beter deur die provinsie, munisipaliteite en gemeenskappe self vervul word."

Wyngaard het beklemtoon dat die Kaapse Forum saam met AfriForum en enige ander organisasie of politieke party sal werk. "Die tyd om foute van byna 400 of 40 jaar gelede te herhaal of verwyte rond te slinger is verby. Kom ons werk saam op die gronde waaroor ons saamstem sonder om healtyd 'n vinger in iemand se oog te wil druk.

"Die klippe wat daar in die verlede na mekaar gegooi is, moet nou omgeskakel word in bakstene waarmee ons mekaar ondersteun. Deur samewerking, wedersydse erkenning en respek kan ons 'n toekoms vir ons kinders skep en nie dieselfde foute as ons voorgeslagte maak nie."

Kallie Kriel, uitvoerende hoof van AfriForum, sê samewerking met die Kaapse Forum vloei voort uit AfriForum se uitgesproke doelwit om gesonde vennootskappe op 'n basis van wedersydse erkenning tussen Afrikaners en die talle ander kultuurgemeenskappe in die land te help vestig.

"Die Kaapse Forum bied aan AfriForum die geleentheid om 'n hand van vriendskap na bruin en ander Kaapse gemeenskappe uit te reik."

Die direksielede van die Kaapse Forum is ook bekendgemaak. Hulle is:

Maryna Marengo-Barnard, 'n prokureur en oudonderwyser wat haar oor die jare as 'n kultuuropvoeder in Oos-Kaapse plattelandse gemeenskappe onderskei het.

Malixole Gwatyu, 'n media- en kommunikasiekundige.

Carol van der Linde, 'n passievolle strategiese handelsmerk- en kommunikasiebouwer met meer as 20 jaar ondervinding in die branding- en handelsmerkstrategie-omgewing.

William Sezoe, 'n senior onderwyssstudent aan die

IN&OM DIE HUIS:

Boekresensie: Sandveldstories - Ferdinand Deist

'n Keur uit Ferdinand Deist se gewilde kontreistories uit *Pofadder en Peddelford*, *Die pompborrel-konsert* en *Blom Appeltiet op Eselspoort* is onlangs deur Tafelberg uitgegee as *Sandveldstories*.

Deist is 'n ervare storieverteller wat die Sandveldse wêreld en unieke karakters van daardie omgewing meesterlik aan die lesers bekendstel.

Sandveldstories bevat 30 kortverhaaltjies en "handel oor 'n unieke wêreld en sy mense, sommige groots soos hul omgewing of klein en dwaas soos mense ook maar is", soos op die agterblad vermeld word. Die stories boei die leser om verder te wil lees en al is dit aanvanklik nie maklik om aan die streekstaal gewoond te raak nie, pla dit nie – veral as die leser die stories hardop vir hom-/haarself begin lees.

Dit is die uitbeelding van menswees waarmee lesers sal

identifiseer. Ons ken almal 'n "ou Lettie" wat "Mar kan 'ie ou mens nou vir jou geskinner 't!" of "ou Sarel" wat "n selfgemaakte man" is wat hom opgewerk het van 'n skaapwagter tot 'n bywoner tot "hy op so vyf-en-veertig nie net 'n vermoënde man gewees het nie, mar sommer 'n miljoenêr", of 'n Hermaans wat "nie vannie stoepsitter-soort gewees (het) nie". Almal karakters met wie die leser deernis sal hê omdat hulle so herkenbaar is en so met deernis beskryf word in die verhaaltjies. Interessant is dat baie titels die name van karakters in het: "Ta' Anna se wye tanne" en "Hermaans Askies se operasie" en "Fransiena se sliefliis rok" en "Oom Willem Booise se gedagteverlies". Dit vat ook die inhoud van die verhaal saam: "Die Jôn Deere trekter" handel oor die verkoop van 'n ou "Lans"-trekker sodat 'n nuwe John Deere-trekker gekoop kan word; in "Die plaag van Bawel", wat handel

oor die verwarring met tale, leer Eg Vannermerwe hoe om "Bom Appeltiet" te sê en in "Witblits beteken besigheid" leer die "agjint" die effek van witblits: "En met dié lat hy die leë beker oppie tafel neerkap, kom 'ie tafel so 'n ent nader aan hom toe en hy gaan weer weg van hom af." Net soos die leser die verskillende gesigte van die Sandveldse mense leer ken, net so leer ons van die gebruike en tradisies van die mense: die inwyding van die nuwe pompborreltjie in die kerk, die skelm afluister by die telefoon op die partylyne, die negatiewe persepsies oor prokureurs, en die rol van die koster by begrafnisne.

Deist slaag meesterlik daarin om in die tradisie van kontreiverhale soos deur Jan Spies en Herman Charles Bosman neergepen, die tipiese eiesoortigheid van 'n kontrei, hier die Sandveld, aan die leser oor te dra. Lees die boek en raak bekend met die karakters en wêreld van die Sandveld.

AfriForum kritiseer NGV

Die burgerregteorganisasie AfriForum het op Donderdag 26 Mei 'n brief aan president Cyril Ramaphosa en die Minister van Gesondheid, dr. Joe Phaahla, gestuur waarin hulle versoek dat die regering die implementering van Nasionale Gesondheidsversekering (NGV) heroorweeg. Dit volg nadat Phaahla onlangs bevestig het dat die land het 'n tekort aan dokters het met 'n dokter-tot-pasiënt-verhouding van 0,32 tot 1000.

AfriForum se brief voer aan dat NGV onbekostigbaar is vir die reeds oorbelaste belastingbetaler, wat hoër belas word as in ander lande met vergelykbare BBP's en gedwing word om "dubbele belasting" te betaal vir noodsaaklike private dienste soos gesondheidsorg. Die

burgerregteorganisasie voer ook aan dat die gesentraliseerde siekefondse vatbaar sal wees vir presies dieselfde mislukkinge wat byna alle staatsbeheerde entiteite (SBE's) kenmerk. Wat miskien meer kommerwekkend is, is 'n 2021-peiling van die Suid-Afrikaanse Mediese Vereniging wat wys op die moontlike massamigrasie van professionele gesondheidsorgpersoneel sou NGV implementeer word.

As 'n oplossing stel AfriForum voor dat die regering moet begin om die reeds bestaande bestuurskwessies in die openbare gesondheidssektor op te los. Daarmee saam stel AfriForum voor dat die private sektor verder uitgebrei en gestimuleer moet word om groter mededinging tussen mediesefondse verskaffers te

verseker en sodoende die vrye mark toe te laat om pryse vir kopers af te bring.

"Die onlangse bevestiging deur die minister van die ernstige tekort aan dokters in Suid-Afrika, is net nog 'n voorbeeld van hoekom 'n staatsmonopolie gesondheidssektor katastrofies sal wees. Hierdie brief is 'n poging om 'n konstruktiewe dialoog met die regering te bewerkstellig teenoor die NGV. As die brief egter op dowe ore val, sal AfriForum voortgaan om die voorgestelde wetgewing teen te staan en al die middele tot ons beskikking. Ons stryd teen NGV is een van die belangrikste gevegte en die toekoms van die land hang daarvan af," sê Reiner Duvenage, veldtogbeampte vir strategie en inhoud by AfriForum.

Universiteit Stellenbosch en 'n Afrikaanse taalaktivis.

Jean-Paul ("JP") Biko Keyter, gemeenskapsleier en produksieervervaardiger.

William Waugh, bedryfshoof by die Kaapse Forum.

Kallie Kriel, uitvoerende hoof van AfriForum.

Stand van Gamkadam:
99.72 % Op 30 Mei 2022



William Waugh, Carol van der Linde, Heinrich Wyngaard, JP Biko Keyter en Kallie Kriel tydens die bekendstelling.

Bfn-sanger gevind

Monique Trollip wat onder die naam Michelle Claassen sing en sedert Maandag 23 Mei vermis was, is verlede week in Beaufort-Wes opgespoor.

Haar broer, Wayne Trollip, was Dinsdag 24 Mei op pad daarheen nadat iemand hulle laat weet het sy is daar.

Monique is op Maandag 23 Mei ongeveer 13:00 die laaste keer gesien toe sy glo gaan inkopies doen het.

Wayne het vroeër aagesê dat dit nie in sy suster se aard is om net iewers heen te gaan sonder om vir iemand te sê nie. Die inligting dat sy vermis is, is wyd versprei. Dit is onder meer op die netwerk van National Crime Assist versprei, wat nou laat weet het dat sy gevind is.

Op Bloemnuus se Facebookblad is die inskrywing teen 12:00 619 keer gedeel.

Volgens Wayne het sy die huis in Generaal de Wet waar sy woon verlaat en het glo altwee haar selfone by die huis gelos.

Haar broer sê sekuriteitskameras het Maandag ongeveer 16:00 die motor met dié registrasienommer opgemerk wat op die N1-suid in die rigting van Colesberg gery het.



Monique Trollip



Prins Albert en Klaarstroom sterilisasie-projek vir katte en honde

Karoo DBV en Envirovet CVC was verlede week weer besig met sterilisasie-projekte in die Karoo. Dié keer was Klaarstroom en Prins Albert aan die beurt. Meer katte as honde is gedoen en 'n totaal van 248 diere is gesteriliseer. Dié totaal het baie wilde en mak katte ingesluit. Gelukkig het die mense van PADS gereël om van die wilde katte te vang, wat baie gehelp het. Katte kry baie kleintjies en daar is nie genoeg huise vir almal nie. Baie word doodgemaak en die enigste manier om die situasie te beheer is om soveel katte as moontlik te steriliseer.

Oor die algemeen was die diere in bovermelde areas in 'n redelike gesonde toestand, maar daar was baie honde wat met kettings vasgemaak was. As die tefies nie gesteriliseer word nie kry hulle baie swaar met al die reünhonde wat oor hulle baklei. Die reünhonde word ook beseer wanneer hulle so baklei. Weereens is daar nooit genoeg huise vir al die kleintjies nie en die honde moet dus gesteriliseer word.

Beide Klaarstroom en Prins Albert het nou 'n 70% + gesteriliseerde dierepopulasie. Gevolglik was die projek 'n reuse sukses!

Reëlins is ook getref dat die CCS veeartse voortaan gereeld daar sal werk om die status quo te handhaaf.

Karoo DBV



Baie geluk aan Nicole Jacobs wat op 21 April haar BTech Nursing graad by CPUT verwerf het. Nicole is ook aangestel by die Beaufort-Wes Hospitaal as 'n Community Service Professional Nurse (CSPN). Ons wens vir jou alle voorspoed toe, Suster Jacobs!

SENTRAAL KAROO DISTRIKSMUNISIPALITEIT FINALE BEGROTING KENNISGEWING: 2022/23 FINANSIËLE JAAR

Kennisgewing geskied hiermee ingevolge, onderskeidelik, Artikel 24(2)(c) van die Wet op Plaaslike Regering : Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 (Wet 56/2003) en Artikel 75(A)(3) van die Wet op Plaaslike Regering : Munisipale Stelsels, 2000 (Wet 32/2000) dat die volgende goedgekeur is tydens 'n Raadsvergadering gehou op 26 Mei 2022:-

- Finale Begroting 2022/23
- Finansiële Beleide
- Gelde, Koste en Tariewe – 2022/23
- Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) – 2022-2027
- GOP Proses Plan 2022-2027

Volledige besonderhede lê ter insae by die ondergetekende gedurende kantoor-ure te Beaufort-Wes, Donkinstraat 63 of website – skdm.co.za.

CENTRAL KAROO DISTRICT MUNICIPALITY FINAL BUDGET NOTICE: 2022/23 FINANCIAL YEAR

Notice is hereby given in terms of, respectively, Section 24(2)(c) of the Local Government : Municipal Finance Management Act, 2003 (Act 56/2003) and Section 75(A)(3) of the Local Government : Municipal Systems Act, 2000 (Act 32/2000) that the following was approved at a Council meeting on 26 May 2022.

- Final Budget and MTREF 2022/23
- Financial Policies
- Fees, Rates and Tariffs – 2022/23
- Integrated Development Plan (IDP) – 2022-2027
- IDP Process Plan 2022-2027

Full details are available from the undersigned during office hours in Beaufort West, 63 Donkin Street or website – skdm.co.za.

DR SW VATALA – MUNICIPAL MANAGER
63 Donkin Street, Beaufort West, 6970



BEAUFORT WEST MUNICIPALITY
DEPARTMENT OF MUNICIPAL MANAGERS OFFICE

NOTICE NO: 73/ 2022
NO: SCM 10/2022

NOTICE OF CANCELLATION

REQUEST FOR PROPOSALS FOR THE DEVELOPMENT OF TRUCK
STOP ACCOMMODATION ERF 7409 BEAUFORT WEST

This Notice serves to cancel Notice no. 42/2022, Bid number: SCM 10/2022, as the Municipality will no longer require this specific service, the specification of the service will increase more than 25% and thus a new document will be advertised in accordance with the needs of the Municipality.

The notice no. 42/2022 was issued on 14 APRIL 2022 and Beaufort West Municipality has determined that after advertisement of the tender and further internal deliberations, it would be in its best interest to WITHDRAW the bid and re-advertise as the need increased.
We would like to apologize for any inconvenience caused by cancellation of this tender. We hope this will not deter you from tendering in future. For any further information, kindly contact the Supply Chain Management Unit at (023) 414 8177.

Municipal Offices
112 Donkin Street
BEAUFORT WEST
6970

GZ NYATHI
ACTING MUNICIPAL
MANAGER
03 JUNE 2022



Die Courier se

span

Thompsonstr. 5
Posbus 64
Tel: 023 414-2615
E-pos:
diecourier@telkomsa.net

Redakteur & kliëntediens
Francois van Niekerk

Advertensies, grafiese ontwerp & uitleg
Anne-Marie van den Heever

Algemene drukwerk & grafiese ontwerp
Anne-Marie van den Heever

Rekeninge
Jenine Brönn
(023 414-2131)

Kontak Die Courier vir gratis kwotasies



Eien.: Courier Printing
(Beaufort West)
CC Reg. Nr. CK 96/16039/23

SPERTYD

vir elke week se nuus en advertensies:

Dinsdae, 12:00

Redaksioneel

'n Week of twee gelede, in die vroeë oggendure, het 'n wit student in Huis Marais 'n swart student se kamer betree en op sy besittings geïrener. Hoewel nóg die slagoffer nóg die oortreder 'n student in ons fakulteit is, is dit gepas dat ons besin oor wat gebeur het en hoekom dit verkeerd is.

In die fakulteit lettere en sosiale wetenskappe aan die Universiteit Stellenbosch (US) bestudeer ons wat mense doen, dink, glo, skep, hoop en vrees; wat ons bereik het en waar ons tekort geskiet het.

Uiteindelik is ons gemoeid met wie ons as mense is, in ons individuele hoedanigheid en in ons verhoudings met ander. Die voorval by Huis Marais gaan oor al hierdie vrae.

Ongeag die uitkoms van die US se ondersoek, wil ons fakulteit sy afsku oor hierdie gebeure uitspreek. Om op 'n medestudent se skootrekenaar en studiemateriaal te urineer, toon 'n growwe minagting van die slagoffer se persoon en vir sy intellektuele strewe. Dit is 'n ontkenning van sy aansien as 'n gelyke medestudent en medemens.

Witheid – 'n geboorte-toevalligheid – is nie 'n rede tot morele meerderwaardigheid nie. Die karakter van 'n persoon word aan hul optrede gemeet. Daar is geen verskoning waarom 'n wit student 'n swart student behandel as iemand wie se werk, waardigheid en persoonlikheid minder as hul eie tel nie. Geen.

Hierdie was die optrede van een individu teenoor 'n ander. Maar dit het wel in hierdie land en by hierdie universiteit gebeur, en moet dus gesien word teen die agtergrond van 'n geskiedenis van rassisme, rasse-nasionalisme, uitsluiting en onderdrukking.

Stellenbosch is 'n ander plek as wat dit onder apartheid was. Nietemin word ons optrede as studente, dosente en administrateurs omraam deur die geskiedenis van ons land en ons instelling.

As 'n fakulteit erken ons dit. Ons streef daarna om, deur wat ons onderrig en hoe ons dit doen, ons bitter verlede vierkant in die oë te kyk sodat ons ons studente kan toerus om die toekoms te betree as bedagsame, kritiese landsburgers met 'n sin vir en verstaan van waardigheid, agentskap en wedersydse verantwoordelikheid.

Ons wil nie die ervaring van die slagoffer van hierdie rassistiese voorval as 'n "leerbare oomblik" toeëien nie. Dit is vir hom om te besluit hoe hy sin wil maak van die voorval en ons moet sy outonomie respekteer – daardie outonomie wat die oortreder hom ontsê het. Wat van ons vereis word, is om te besin oor ons eie optrede, ongeag watter rol ons ook al by hierdie universiteit vervul.

Ons verbintenis as fakulteit is dat ons nie rassisme sal ignoreer nie. Ons sal aanhou om te probeer om die bronne en manifestasies daarvan te verstaan en om hierdie konsep in ons onderrig te inkorporeer. Dit is slegs deur te weet wat in die wêreld aangaan dat ons dit kan verander."

Ons kan nie die verlede ongedaan maak nie, maar ons kan die nalatenskap daarvan verstaan en teenstaan. Dit is in hierdie gees dat ons sal aanhou vra wie ons is en hoe ons tot hier gekom het, sodat ons 'n meer regverdige wêreld kan skep vir diegene wat nou leef en vir diegene wat ná ons sal kom."

Deur Proff. Leysens, Heinecken en Roodt, onderskeidelik die dekaan, visedekaan: navorsing en visedekaan: onderrig en leer in die fakulteit lettere en sosiale wetenskappe aan die US.

SENTRAAL KAROO DAGBOEK MEI/JUNIE 2022	
Sylvester MTB Challenge: 3 – 5 Junie 2022	

Teri-Lemveli: 9 Junie 2022 – Bottomless Coffee Band 22 Junie 2022 – Jan Blohm	

Karoo Winter Wool Festival to be held in Middelburg, from June 24 to 26	

Dit, dat en nog wat

Die Kaap se mannetjieswind

Die Kaap se mannetjieswind het mos die welkome manier om die vrouens se rokkies te terg en wanneer hulle dit die minste verwag, net eenvoudig op te waai. In die proses word een van die skeppingswonders van die wêreld soms onnodig lank op straat geskou en het menige man al op die mees onverwagte tyd en plek beter "sightings" gekry as op sy beste dae langs die watergate van die Kruger Wildtuin.

So beland oom Swys van Onseepkans se wêreld toe mos vir 'n volle week saam met sy familie in die Kaap. Volgens Oom Swys het hy al na dag een van die vakansie soos 'n Israeliet in die woestyn in die Kaap gevoel.

Op dag twee besluit hy toe om die familie maar hul gang te laat gaan en het hy gewapen met sy piekniekmandjie op 'n bankie by Drieankerbaai gaan stelling inneem. Oom Swys het met rede bo die ander mense uitgestaan. Hy het 'n paar Koöperasie-Bulldogs aan die voete gehad, twee lang kouse, sy "two-tone" hemp en sy dorp-toe-gaan-hoed, 'n swart Stetson.

Oom Swys het sy kromsteel Keyser behendig vol Springbok twak gestop en met die eerste vuurhoutjie onder sy bakhand die groeiende Kaapse windjie uitoorlê.

So tussen die pypsuier deur het Oom Swys deur sy Landbouweekblad geblaai en verder sy tyd verwyd deur die stadskreature wat by hom verbyslof dop te hou.

So gebeur dit dan dat net toe Oom Swys sy pyp neersit en sy Landbouweekblad toemaak, die wind ernstig begin ruk. Net toe hy sy Stetson afhaal, val sy oog op 'n volbors brunette wat wind-op sukkel met haar twee

inkopiesakke. Soos Onseepkans se mans maar grootgemaak is, stap hy dadelik nader om hulp aan te bied. Hy buk effens vooroor om die sakke te neem, maar net toe waai die mannetjieswind die dame se katoenrokkie teen haar magie vas. En daar staan Oom Swys, dankbaar en vol begeerte, in 'n gebukkende posisie voor haar met twee oë wat bo-oor sy bril loer na iets wat hy glad nie so sonder enige moeite so na aan hom verwag het nie.

Later jare vertel Oom Swys só oor die voorval: "En daar staan ek, 'n ouderling van Onseepkans, gebukkend in 'n Kaapse straat, en reg voor my dwalende oë verskyn 'n gesig wat ek nie voor onse dominee sal wil beskrywe nie. Broer, hy was so naby dat ek hom die hande kon oplê as ek nie met die lamsiek geslaan was nie, maar op daardie stadium het die meisiekjend só hard begin gil dat die brandwagbojaan op Seinheuwel haar eintlik geantwoord het. Op my beurt versteek ek daar voor haar soos Lot se vrou. Al wat op daardie oomblik van my liggaam beweeg het was my gedagte, en nog iets heelwat laer af. Ek het na 'n paar oomblikke besef dat die eerbare ding sou wees om haar rokkie af te trek tot oor haar pragtige skaamte, maar by dié gedagte het daar deur die genade 'n teësinigheid om te help my oorval.

Toe ek uiteindelik myself sover kry om my hand uit te steek om die rokkie oor Parradyskloof te trek, maak ek die fout om nie my oë op die taak te rig nie, maar om vir oulaas deur die stukkie visnet hier voor my oë te probeer sien wat nou eintlik daar aangaan. In die proses vat ek toe buite my gesigsveld per ongeluk net te hoog aan 'n handvol sagte privaatgebied, wat die dame laat omvlieg op presies dieselfde oomblik dat Stien se handsak my

oor van agter af tref.

Daar lê ek toe op Drieankerbaai se sypaadjie met 'n oor wat suis soos 'n RSG-storie op my oorle ouma se EfEmpie.

Toe ek my oë oopmaak en hulle opslaan na die hemel toe, besef ek dadelik dat Stien my tussen die meisiekind se voete ingeslaan het, want hier reg bokant my het ek die einste visnet sien hang. Uit hierdie hoek kon ek sien dat die net goed gelaai was, maar voor ek iets kon sê hoor ek vir Stien sê: "En jy kyk wragtig nog steeds!" Toe klap die handsak vir 'n tweede keer teen dieselfde oor!

Daardie dag, toe Die Lyf van Drieankerbaai omdraai met haar rokkie in die lug, net voor Stien se handsak my die tweede keer getref het, het ek nog vir oulaas na die G-string gekyk en by myself gedink: "Die Kaap is weer Hollangs!"

Ek is vandag nog doof in die een oor. Stien was so jammer daaroor dat sy vir haar ook so 'n visnetnemmertjie gaan koop het. Ek sal dit nou nie vir haar sê nie, maar Drieankerbaai se visnet was sagter op die oog en voller gelaai. Ek sal my ander oor ook opoffer as ek tog net weer in die Kaap kan kom.

Intussen verstaan Stien nie hoekom ek elke keer uit volle bors saamsing as ek na "My friend the wind" luister nie: "My friend the wind will come from the hills
When dawn will rise, he'll wake me again
My friend the wind will tell me a secret
He shares with me, he shares with me"

As jy my só hoor sing, moet jy weet dat hier in my gedagtes die Kaap weer Hollangs is, al is Onseepkans se visnette net vol wegkruipbabsers gelaai.

Johan Strydom

Recycling saves the planet

Baie geluk aan Jan Stadler wie verlede week 'n spesiale bloedskenkersertifikaat ontvang het nadat hy sy 150ste eenheid bloed geskenk het. Die Courier weet nie of dit Jan se gesonde leefstyl is wat sy bloed so gesog maak nie. "Ek voel nog pure perd," het hy met 'n runnik gesê. Volgens Jan is 150 eenhede bloed gelykstaande aan sowat 70 liter.

sms jou sê

SMS na 072 148 8452. Neem asb. kennis dat opinies wat deur lesers in hierdie kolom uitgespreek word, hul eie is en nie noodwendig die opinies van Die Courier se redakteur, personeel of eienaars weerspieël nie. SMS'e word in goedertrou geplaas en beledigende of lasterlike SMS'e word nie geplaas nie. SMS'e met 'n naam

en van daarby sal voorkeur kry.

Dis hartseer om te sien hoe jong kinders met windhonde deur Beaufort-Wes se strate loop met vier dooie hase wat deur die honde doodgebyt is. Ek kon nie sien of dit dalk bedreigde oewerkonyne was nie. Kan die polisie of iemand nie na hierdie 'tydverdryf' kyk nie? Ek is seker daar is wetgewing wat dit verbied. Die kinders loop oop en bloot met die dooie hase in hul hande. Volgende keer sal ek hulle aanvat! *Theo de Klerk*

LEGENDS OF THE GRILL

139.90

300G PORK RIBS & 2 CHICKEN THIGHS

Spur Steak Ranches

Valid 18 May - 26 June 2022. 1x and 2x only. VAT incl. This voucher is for descriptive purposes only. Portion weights are raw weights.

www.spursteakranches.com

Customer Care: 086 800 7767



PLEASE RECYCLE THESE ITEMS

IN MEMORIAM



Claressa (Bokkie Louw)

Oorlede: 28-05-2022

Dienste: Saterdag 4 Junie 2022

Pastoriestraat 12: 09:00

VGK Newtown: 10:00

AIRPARK
BEAUFORT WEST

WE KNOW INTERNET

Wireless Internet	IT Hard & Software	Layer2 Services
On-Site Support	IP Cameras	Webdesign
Enterprise WIFI	Branch Interconnect	Cloud Services
Voice Over IP	Security Solutions	Turnkey Solutions

WAPA ICASA Tel: 023 007 0023 - email: contact@airparkbw.co.za
71 Bird Street Beaufort West 6970 www.airparkbw.co.za

briewe lesers sê hul sê Karoo-gehalte

Ek, my vrou, Michelle, en ons seuns, Christo en Eben, het die Karoo Nasionale Park naby Beaufort-Wes sedert 2014 al vier keer besoek. Ons geniet altyd die park, of ons nou kamp of in 'n chalet bly.

In April 2022 was ons weer daar. Die park het pas goeie reën gekry en die veld was besonders mooi. Diere was ook volop en ons het renosters, sebras, koedoes en elande gesien.

Op die laaste dag het ons die Lammertjiesleegte-roete gery met die hoop om leus te sien, maar ons het niks gekry nie.

Teleurgesteld het ons toe gaan brandstof ingooi op die dorp, maar op pad terug na die ruskamp het ons dié leeuwyfie sowat 800 m van die hek af gewaar.

Twee ander leeus het ook later uit die bosse gekom. Hulle was rustig

en Eben het hierdie foto geneem.

Ons as gesin wil graag die park se personeel bedank vir hulle harde werk om die park en die

verblyfgeriewe so netjies te hou. Doen so voort!

Nico Fivaz, Brackenfell

The Jagers
Loodgieter Kontrakteurs

Voortrekkerstraat 4, Beaufort Wes
karoonetwerk@isat.co.za

CELEBRATING 23 YEARS

023 414 4353 • 083 2828 507/8 (n/u)

- Herstelwerk - Nuwe installasies - Gebarste pype - Verstoppte riole - Besproeiing - Galv. Geute	Verskaffers van: - Koper - Galv. - PVC - Nylon - HDPE & UPVC - Drukpompe - Tru Osmose waterstelsels	Geysers: - Elektries - Son
---	--	--

Bounywerheidsraad gekwalifiseerde Loodgieters vir Gratis kwotasies (binne dorpsgebied)



Die leeu waarvan Nico Fivaz in vandag se lesersbrief melding maak.

SAVE THE !KAROO!

Love Where You Live

PLEASE! PUT YOUR LITTER IN THE BIN! BE COOL. DON'T LITTER!

LOVE IT DON'T TRASH IT

A CLEAN COMMUNITY DISCOURAGES LITTERING & IMPROVES OVERALL COMMUNITY QUALITY OF LIFE

**PUT WASTE
IN THE
RIGHT
PLACE**

Lewende Woord

Dankbaar - 1 Tes 5:16

Die woord dankie klink so klein, maar dit beteken so baie. Ek hoor so baie mense wat nie vir kleinighede dankie sê nie en dan wonder ek hoe sê hulle vir ons Hemelse Vader dankie vir al die seëninge.

Onvergenoegeheid laat jou altyd sug na meer. Dit ontstaan uit 'n bewussyn van tekort of verlies.

Vasgevang in daardie ewige gevoel van "te min", soek jy altyd na meer, maar kry nooit genoeg nie. Die probleem is daardie middel of plek of inkopieveltdogte kan jou nooit bevredig nie, of dit nou dwelms, drank, seks, kos of wat ook al is. Dit word 'n verslawing. En as een ding nie werk nie, gaan soek jy maar net weer vervulling op 'n ander plek.

Een van die euwels van ons verbruikersamelewing is dat dit ons wysmaak dat ons nooit kan of sal wees nie. As jy weet dat genoeg genoeg is, sal jy altyd genoeg hê.

Dankbaarheid werk soos 'n wafferse opkikker. Dit help jou om op 'n positiewe eerder as die negatiewe te fokus. Net 'n dwaas konsentreer eerder op wat hy nie het nie, as op wat hy het.

Dankbaarheid vra so min moeite en tog kan dit so baie beteken vir mense wat al begin wonder het of hulle nog iets vir iemand beteken. Een van die lelikste dinge wat kan

gebeur is dat mense mekaar as vanselfsprekend aanvaar. Dit is 'n gesindheid wat die neiging het om dankbaarheid uit te sluit.

Dankbaarheid en die bekendmaking daarvan is nie iets waarmee 'n mens gebore word nie. Jy moet dit aanleer, jy moet daarmee opgevoed word, dit moet deel word van jou lewenstyl.

Van die vroegste berispinge uit 'n mens se kinderjare is die bekendste vraag: "Sê jy dan nie dankie nie?" Apostel Paulus skryf: "Wees in alle omstandighede dankbaar, want dit is wat God in Christus Jesus van julle verwag." (1 Tes 5:18)

Onlangs het 'n vrou wat haar man aan die dood moes afgee soos volg getuig: "Hy het die gewoonte gehad om my elke aand, voordat hy slap, eers 'n nagsoen te gee en dan te sê: "Dankie my skat vir alles wat jy vandag vir my beteken het."

Na sy heengaan was dit net 'n herinnering, maar wat 'n onbeskryflike mooi herinnering. Kom ons leer van mekaar dat dankbaarheid God se goedkoop manier is om mekaar bly te maak. Kom ons begin vandag met die klein dingetjies wat dikwels ongesiens by ons verbygaan. Vra vir God om vir ons 'n dankbaarhart te gee.

Koos Vivier

Rod's Reflections

Why is life so cheap in SA?



A young couple, married for just three years, are killed when a bakkie, driven by a killer, crashes into them at a high speed. That was no accident. It was deliberate, because road rules were not obeyed, they were broken, shattered, and so ended two young lives long before their time.

A child, playing in the street, is caught in crossfire between rival gangs, a precious life snuffed out before even having really begun. A man shoots his wife and then himself. A reckless driver ploughs into a young woman crossing the road, and another life is abruptly cut short.

We hear of such cases, we shake our heads, and we move on to the next report of a life ending suddenly, many in their prime, gone by a knife thrust, by a bullet, by a blow, by strangulation, by poison, by a speeding car or an unroadworthy bus. It is happening all day and every day in South Africa, and we have become inured, insensitive, to it, hardened and unfeeling, and who can be blamed for feeling this way? At least it dulls the senses, blunts the sharp edge of too-intense feeling, enables one to cope by keeping a little distance from it all.

Until it happens to someone close to us, a husband, a wife, a child, a mother or father, a dear friend. Then the wound gapes open and we bleed and we are struck speechless

with the horror of it, and we scream: 'Why is life so cheap in South Africa? Why?' And that cry, wrenched from deep within us, echoing around the world, is met with silence.

The soul of South Africa is in ICU. It is in a deeply critical state. We are one of the worst countries in the world for murders, wanton killings, and so-called accidents. And all we do is pick up the pieces, put them in a coffin, and go on to the next time, the next death, the next loss.

What is the answer? Is there an answer? Can things change? Is it possible to respect and revere life as we should? Am I my brother's, my sister's, keeper?

A change of heart. A new heart, which means a new, positive way of thinking, speaking and acting. A new maturity, where thought is applied before action. An awareness within of what one is doing, or contemplating doing. A breaking up, into little pieces, of my gun. A burying of my knives. Turning away from hate towards love. A u-turn from violence towards peace. A dawning realisation that this person is my brother, my sister, and would I harm my brother, my sister?

Evil cannot be legislated out of anyone. Because there is a law protecting us doesn't mean that someone who intends us harm is going to obey that law. And the

snail-like slowness with which the law operates in SA means that I may never have to pay for my crime, and that even if I'm caught, I will get bail, or extenuating circumstances will be found, or I will spend just a short time in jail.

Hatred, the intent to do harm, comes from a hateful place. We call it the heart, but it is in the mind, where the thinking is warped and twisted into a hateful shape, and where it grows into something grotesque, and then finds its outlet in life-ending action. So the mind needs to be changed, and it can be. People can and do change. Bad can become good. Love can replace hate. Building and not destroying is possible. There are those who know this for themselves, because it has happened to them, and they are working to make it happen in others.

You and I cannot choose for anyone else. We can only choose for ourselves. And we must consistently choose to do right and not wrong. Perhaps, in so doing, we may help someone else stop and think before they act, and so save a life.

Rod Baumeister



Skakel ons
023 347 4092

WORCESTER

Stoorplek / Storage • Verhuisings / Removals

www.trekstoor.co.za



Dr Liezl Stockigt

Algemene Praktisyn
Tel: 023 415 2663



May 2022
Subject to change

Voortrekkerstraat 33
Beaufort-Wes
6970

Woensdag 1 Junie - spreekure van 9~12 - Dr Lisa.
Sondag 5 Junie gesluit.

Die spreekkamer sal vanaf 31/05 tot 9/06 om 16H30 daaglik sluit, naweke uitgesluit. Vrydag 10/06 sal die spreekkamer om 14H00 sluit. Sat 11/06 - kennisgewing volg.

When Working With Pesticides
Wash Hands and Face Before You...

WHAT YOU DON'T KNOW CAN HURT YOU

ON AND OFF THE JOB, BE SURE CONTAINERS ARE LABELED

General Chemical Safety Guidelines

- Maintain an organized and orderly facility.
- Communicate hazards to everyone in the facility.
